# Aspekte van mikrostrukturele verskeidenheid en inkonsekwentheid in woordeboeke

Rufus H. Gouws, *Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch, Republiek van Suid-Afrika (rhg@sun.ac.za)*

**Opsomming:** Dit is belangrik in enige woordeboek dat die mikrostrukturele aanbod sistematies en konsekwent moet wees. Gemotiveerde afwykings van die verstekstruktuur moet aan die gebruiker verklaar word. In hierdie artikel word aandag gegee aan verskillende tipes mikrostrukturele modelle wat in die metaleksikografie ontwikkel is, met die klem op die geïntegreerde en die niegeïntegreerde mikrostruktuur. Voorstelle word gedoen vir aanpassings in die niegeïntegreerde mikrostruktuur om 'n beter inligtingsoordrag tot gevolg te hê. Aan die hand van voorbeelde uit enkele Afrikaanse woordeboeke word gewys op die gevarieerde en inkonsekwente mikrostrukturele aanbod wat gevolg word. Die nadele van gemengde primitiewe mikrostrukture word bespreek en daar word aandag gegee aan die implikasies daarvan vir die adresseringstruktuur van 'n woordeboek. In hierdie verband word verskillende prosedures van afstandsadressering bespreek. Die teksverdigting wat dit meebring en die probleme wat gebruikers met die koördinering van koteksinskrywings en betekenisparafrases het, word beklemtoon. Aanbevelings word gedoen vir 'n mikrostruktuur wat groter erkenning gee aan die eise van 'n gebruikersgedrewe leksikografiese proses.

**Sleutelwoorde:** ADRESSERINGSTRUKTUUR, AFSTANDSADRESSERING, ARTIKELSTRUKTUUR, GEÏNTEGREERDE MIKROSTRUKTUUR, GERIGTE AFSTANDSADRESSERING, IMPLISIETE AFSTANDSADRESSERING, KONTEKS, KOTEKS, MIKROSTRUKTUUR, NIEGEÏNTEGREERDE MIKROSTRUKTUUR, PRIMITIEWE MIKROSTRUKTUUR, RUDIMENTÊRE MIKROSTRUKTUUR, SEMANTIESE SUBKOMMENTAAR, SOEKSONE

**Abstract: Aspects of Microstructural Diversity and Inconsistency in Dictionaries.** In any dictionary it is important that the microstructural presentation should be systematic and consistent. Motivated deviations from the default structure should be explained to the user. This article looks at different types of microstructural models developed within the field of metalexicography, focusing on the integrated and non-integrated microstructure. Proposals are made for changes to the non-integrated microstructure in order to enhance the quality of information transfer. With the aid of examples from a number of Afrikaans dictionaries the varied and inconsistent nature of the microstructural presentation is indicated. Disadvantages of a mixed primitive microstructure are discussed, with special reference to the implications for the addressing structure. In this regard different procedures of remote addressing receive attention. The resulting textual condensation and problems users experience with the co-ordination of cotext entries and paraphrases of meaning are emphasised. Suggestions are made for a microstructure which gives a better reflection of the demands of a user-driven lexicographic process.

*Lexikos* 13 (AFRILEX-reeks/series 13: 2003): 92-110

**Keywords:** ADDRESSING STRUCTURE, ARTICLE STRUCTURE, CONTEXT, COTEXT, DIRECTED REMOTE ADDRESSING, IMPLICIT REMOTE ADDRESSING, INTEGRATED MICROSTRUCTURE, MICROSTRUCTURE, NON-INTEGRATED MICROSTRUCTURE, PRIMITIVE MICROSTRUCTURE, REMOTE ADDRESSING, RUDIMENTARY MICROSTRUCTURE, SEARCH AREA, SUBCOMMENT ON SEMANTICS

## 1. Inleidend

In 'n woordeboek as draer van tekssoorte is die sentrale lys, ook bekend as die woordelysteks of, in algemene woordeboeke, die alfabetiese deel, die teksafdeling wat verreweg die meeste deur teikengebruikers van die betrokke woordeboek geraadpleeg word. Dit is dan veral ook hierdie teks wat 'n wesenlike rol daarin speel dat die werklike doel (vgl. Wiegand 1998) van die betrokke woordeboek verwesenlik word. Binne die teorie van woordeboektekste bestaan die sentrale lys uit 'n aantal artikeltrajekte wat elk die versameling lemmata bevat wat uit een alfabetletter as behandelingseenhede gekies is. Binne enige artikeltrajek kan deeltrajekte onderskei word wat telkens uit 'n versameling opeenvolgende artikels bestaan. Elke artikel vertoon 'n bepaalde artikelstruktuur en dikwels ook 'n mikro-argitektuur (vgl. Bergenholtz, Tarp en Wiegand 1999).

Die aard en omvang van verskeidenheid in die leksikografie is nie net beperk tot woordeboektipologie, die datatipes of die dataverspreidingstruktuur nie maar dit blyk ook uit die artikelstruktuur van 'n woordeboek. Hier gaan dit onder meer daaroor dat verskillende artikeltipes onderskei kan word en alhoewel daar meestal gepoog word om die aanbod in 'n woordeboek so konsekwent en eenvormig moontlik te hou, word daar toenemend erkenning gegee aan die geldigheid en waarde van 'n leksikografiese benadering waar 'n woordeboek gekenmerk word deur heterogene artikeltipes en 'n heterogene artikelstruktuur. Hierdie benadering het onder meer daartoe gelei dat 'n onderskeid gemaak word tussen enkelartikels en sinopsisartikels in gespesialiseerde woordeboeke (vgl. Bergenholtz, Tarp en Wiegand 1999), en tussen enkelartikels en komplekse artikels in algemene woordeboeke (vgl. Gouws 2003, 2003a).

Die artikelstruktuur word in 'n hoë mate bepaal deur die keuse wat die leksikograaf tydens die woordeboekkonseptualiseringsfase maak, veral t.o.v. die mikrostruktuur van die betrokke woordeboek. In hierdie verband is dit belangrik om kennis te dra van die verskillende tipes mikrostruktuur en die implikasies van elk hiervan vir die artikelstruktuur. Die daarstelling van 'n funksionele artikelstruktuur voorvereis ook die nodige beplanning t.o.v. die twee hoofkomponente van 'n artikel, te wete die vormkommentaar en die semantiese kommentaar. Daarbenewens moet die leksikograaf deeglik bewus wees van die funksie van en onderskeid tussen twee belangrike inskrywingstipes, naamlik twee kategorieë van funksionele tekssegmente, te wete mikrostrukturele aanduiders en struktuurmerkers. 'n Mikrostrukturele aanduider is 'n woordeboekinskrywing wat dit vir die gebruiker moontlik maak om uit die

aanbod in 'n artikel leksikografiese inligting te ontsluit oor die onderwerp van die betrokke woordeboek en soms ook oor die woordeboekvorm. Inligting word uit die mikrostrukturele aanduiders ontsluit. Die datatipes wat in die bewerking van 'n lemmateken aangebied word, word per mikrostrukturele aanduider daargestel. Mikrostrukturele struktuurmerkers is inskrywings waardeur inligting oor die vorm van 'n artikel en die aanbod in die artikel ontsluit kan word. Dit ondersteun die waarneming van die gebruiker en wys die gebruiker op dele van die artikelstruktuur sodat sekere aanduiders beter geïdentifiseer en sistematies gevind kan word. Daar word 'n onderskeid gemaak tussen tipografiese en nietipografiese struktuurmerkers. Tipografiese struktuurmerkers is byvoorbeeld die vet, romein, kursief, e.s.m. wat gebruik word terwyl nietipografiese struktuurmerkers simbole soos 'n asterisk of 'n vierkant, e.s.m. insluit waardeur bepaalde soeksones en datatipes gemerk word.

In hierdie artikel word 'n verskeidenheid aspekte van veral die mikrostruktuur aan die hand van voorbeelde uit enkele Afrikaanse woordeboeke bespreek. Daar word ook aandag gegee aan die invloed van die mikrostrukturele keuse op die adresseringstruktuur en die vindbaarheid van die aangebode data. 'n Onderskeid word gemaak tussen verskillende vorme van afstandsadressering wat ter sprake is. Die doel van hierdie artikel is nie 'n geïsoleerde bespreking van hierdie kwessies of 'n negatiewe beoordeling van bepaalde woordeboeke nie. Dit gaan veel eerder om 'n poging om na aanleiding van opgetekende voorbeelde uit die tersaaklike woordeboeke te probeer vasstel of daar 'n tipiese patroon in die betrokke woordeboeke te bespeur is wat mikro- en artikelstruktuur betref. Dit behoort te kan lei tot sekere voorstelle ter verbetering van die Afrikaanse leksikografiepraktyk en tot voorstelle waaruit die nodigheid blyk om sekere werkswyses te handhaaf.

## 2. Die werklike doel van 'n woordeboek

Vir die leksikograaf van enige woordeboek is dit gebiedend noodsaaklik om reeds voor die aanvang van die leksikografiese bewerking uitsluitsel te hê oor die werklike doel van die betrokke woordeboek (vgl. Wiegand 1998, Gouws 2001). Die werklike doel van 'n woordeboek lê daarin dat dit geproduseer word sodat die teikengebruiker wat die woordeboek gebruik in 'n tipiese gebruiksituasie 'n instrument sal hê om hom/haar te help om 'n suksesvolle woordeboeknaslaanhandeling uit te voer. Hierdie sukses word daardeur bepaal of die behoefte wat die woordeboekraadpleging gemotiveer het, wel beantwoord word. Die werklike doel van 'n woordeboek is dus om suksesvolle woordeboeknaslaanhandelinge te verseker. Die formulering van die werklike doel van 'n spesifieke woordeboek kan gesien word as 'n regstreekse reaksie op die behoeftes van die geïdentifiseerde teikengebruikers van daardie woordeboek. Dit behoort 'n onmiddellike invloed op die besluite oor onder meer die mikro-, artikel- en dataverspreidingstruktuur te hê.

## 3. Oor verskillende mikrostruktuurtipes

In verskeie publikasies (vgl. Hausmann en Wiegand 1989, Wiegand 1989, 1996, Bergenholtz, Tarp en Wiegand 1999) word 'n onderskeid gemaak tussen verskillende tipes mikrostrukture. Dit sluit onder meer 'n niegeïntegreerde, 'n geïntegreerde en 'n semigeïntegreerde mikrostruktuur in (vgl. veral Wiegand 1996). Vir 'n algemene verklarende woordeboek maak Hausmann en Wiegand (1989) 'n onderskeid tussen die verpligte, die absolute verpligte en die volledig verpligte mikrostruktuur. Gouws (1999) vereenvoudig hierdie verdeling tot 'n onderskeid tussen die verpligte en die uitgebreide verpligte mikrostruktuur. Hiervolgens maak 'n woordeboek se verpligte mikrostruktuur voorsiening vir die aanbod van daardie substrukture van 'n mikrostruktuur wat in al die artikels van die woordeboek voorkom. Dit impliseer dat daar voorsiening gemaak word vir al die kategorieë inskrywings en datatipes wat verplig vir elke tipe lemmateken verstrek moet word. Hiervolgens sal die abstrakte mikrostruktuur van 'n artikel wat die kleinste aantal inskrywingstipes bevat, bepalend wees vir die aantal kategorieë wat tot die verpligte mikrostruktuur van die betrokke woordeboek behoort. Hiernaas maak 'n uitgebreide verpligte mikrostruktuur vir hierdie verpligte kategorieë voorsiening asook vir daardie kategorieë wat nodig mag wees vir die uitvoerige leksikografiese bewerking van sekere tipes leksikale items wat as lemmata opgeneem is. Die onderskeid tussen die verpligte en die uitgebreide verpligte mikrostruktuur word bepaal deur die verskeidenheid van die data-aanbod.

Vir die vasstelling van die verpligte mikrostruktuur is dit belangrik dat sogenaamde rudimentêre artikels nie as uitgangspunt geneem word vir die besluit oor die minimum aantal kategorieë wat die verpligte mikrostruktuur daarstel nie. By rudimentêre artikels gaan dit om artikels soos suiwer verwysingsartikels waar daar geen volledige bewerking van die behandelingseenheid gebied word nie.

Die onderskeid tussen 'n niegeïntegreerde, 'n geïntegreerde en 'n semigeïntegreerde mikrostruktuur hang onder meer saam met die nabyheid en regstreeksheid van die verhouding tussen elke inskrywing wat in 'n verklarende woordeboek 'n betekenisparafrase verteenwoordig of elke inskrywing wat in 'n vertalende woordeboek 'n vertaalekwivalent verteenwoordig en die ondersteunende koteksinskrywings wat voorbeeldmateriaal verteenwoordig. Hierdie onderskeid word gemaak op grond van 'n basis van regstreekse of afstandsadresseringsprosedures tussen koteksinskrywings en die tersaaklike kerninskrywings van elke semantiese subkommentaar, dit is die betekenisparafrase of vertaalekwivalent wat verstrek word vir elke polisemiese onderskeiding van die leksikale item wat deur die lemmateken verteenwoordig word.

Semigeïntegreerde mikrostrukture kan beskou word as 'n kombinasieproduk waar die artikels sowel 'n geïntegreerde komponent as 'n niegeïntegreerde komponent bevat. Hierdie tipe mikrostruktuur het tot dusver nog nie in die praktyk wyd neerslag gevind nie — en glad nie in Afrikaanse woordeboeke

nie. In die res van hierdie bespreking sal dié mikrostruktuurtipe nie verder aan die orde kom nie.

## 4. Geïntegreerde en niegeïntegreerde mikrostruktuur

Die integraat is die betrokke semantiese subkommentaar (vgl. Wiegand 1996: 5 en Bergenholtz, Tarp en Wiegand 1999: 1770), waarin die betrokke polisemiese waarde verklaar of van vertaalekwivalente voorsien word. 'n Geïntegreerde mikrostruktuur word dus daardeur gekenmerk dat alle artikelinterne aangawes, met die uitsondering van die polisemie-aanduiders, wat t.o.v. 'n bepaalde polisemiese waarde van die lemmateken verskaf word, in die integraat verskyn en dus binne die bestek van daardie betrokke polisemiese waarde optree. Die polisemie-aanduiders word hier uitgesonder omdat hulle deel vorm van die interne kitstoegangstruktuur van die woordeboek (vgl. in hierdie verband Wiegand 1996: 6, 7). Die voordeel van hierdie tipe mikrostruktuur is dat daar 'n regstreekse en onmiddellike aanduiding is van die gerigtheid van elke aangawe. Vergelyk die volgende voorbeeld van 'n geïntegreerde mikrostruktuur uit die *Tweetalige Aanleerderswoordeboek/Bilingual Learner's Dictionary* (voortaan afgekort as TAW):

(1) **taak** 1 task *It is my **task** to lay the table for dinner in the evening*. Dit is my **taak** om saans die tafel vir ete te dek. 2 duty *He works in a bank and his main **duty** is to receive and pay out money*. Hy werk in 'n bank en sy belangrikste **taak** is om geld te ontvang en uit te betaal. … (TAW)

Tipieserwys gaan dit in 'n geïntegreerde mikrostruktuur om koteksinskrywings wat saam met die betekenisparafrase of vertaalekwivalent in die integraat van elke semantiese subkommentaar optree. In aansluiting by Wiegand se beskrywing van die aard van 'n geïntegreerde mikrostruktuur kan daar geargumenteer word, soos wel in hierdie artikel gebeur, dat konteksinskrywings wat saam met die betekenisparafrase of vertaalekwivalent in 'n enkele integraat optree, ook 'n geïntegreerde mikrostruktuur daarstel. In afdeling 6 van hierdie artikel word voorbeeld (7) en (8) bespreek ter illustrasie van hierdie soort geïntegreerde mikrostruktuur.

Woordeboeke met 'n niegeïntegreerde mikrostruktuur verskil opsigtelik van woordeboeke met 'n geïntegreerde mikrostruktuur. Die tipe woordeboek met 'n niegeïntegreerde mikrostruktuur, soos beskryf in Wiegand (1996), is nog nie vir Afrikaans saamgestel nie. Volgens Wiegand (1996: 23 e.v.) word 'n woordeboek met 'n niegeïntegreerde mikrostruktuur eerstens daardeur gekenmerk dat alle betekenisparafrases wat na links aan die lemmateken geadresseer is, in die eerste semantiese subkommentaar van die semantiese kommentaar verstrek word. Dit word die semantiese subkommentaar vir leksikale betekenis genoem. Tweedens word alle koteksaangawes soos voorbeelde, kollokasies en fraseme, in 'n afsonderlike daaropvolgende semantiese subkommentaar, die semantiese subkommentaar vir die koteks, geplaas. Omdat daar verskillende

moontlikhede is waarvolgens die koteksinskrywings verstrek en georden word, is dit van die grootste belang dat hierdie stelsel in een van die voortekste vir die gebruiker uiteengesit moet word. Dit is veral die polisemiese waardes van die leksikale item wat deur die lemma verteenwoordig word wat die artikel-interne ordening van die semantiese subkommentare in 'n woordeboek met 'n geïntegreerde mikrostruktuur bepaal. Gevolglik speel 'n sintagmaties-gemotiveerde stelsel 'n wesenlike rol in die ooreenstemmende ordening in 'n woordeboek met 'n niegeïntegreerde mikrostruktuur. 'n Tipiese verskynsel in 'n woordeboek met 'n niegeïntegreerde mikrostruktuur is die ordening van die koteksinskrywings volgens die woordsoort van die leksikale item wat kombineer met die leksikale item wat deur die lemma verteenwoordig word. Wiegand (1996: 24) bied die artikel van die lemmateken *Kranz* uit die *Deutsches Wörterbuch* van Wahrig aan as 'n voorbeeld van een soort ordening in 'n woordeboek met 'n niegeïntegreerde mikrostruktuur.

(2) **Kranz** (m. ...) **1** *kreisförmiges Gewinde aus Blüten* ... **2** ein — **Feigen** ... **3** einem Mädchen einen — **aufsetzen** ... **4** einen — **auf** dem Kopf tragen ...

Die eerste semantiese subkommentaar bevat die betekenisverklaring en in die daaropvolgende semantiese subkommentare vir die koteks word voorbeelde gegee van kombinasies waarin die leksikale item *Kranz* met onderskeidelik naamwoorde (2), werkwoorde (3) en voorsetsels (4) optree. Wat belangrik is, is dat hierdie verskillende tipes koteksinskrywings duidelik van mekaar onderskei word. In 'n ander bewerking wys Wiegand daarop hoe daar in die onderskeie koteksinskrywings van die artikel van 'n lemma wat 'n polisemiese leksikale item verteenwoordig, 'n aanduiding gegee kan word van die tersaaklike polisemiese onderskeiding. Weer vir die naamwoord *Kranz* gee hy 'n konsepartikel (weliswaar met 'n semigeïntegreerde mikrostruktuur) met ses semantiese subkommentare vir leksikale betekenis om vir die verskillende polisemiese onderskeidings voorsiening te maak. Daarna volg die niegeïntegreerde deel van die artikel met opeenvolgende soeksones waarin *Kranz* met onderskeidelik naamwoorde, werkwoorde, adjektiewe en voorsetsels verbind. Elk van hierdie soeksones word voorafgegaan deur 'n struktuurmerker wat die betrokke woordsoort van die leksikale item aandui waarmee *Kranz* verbind. Telkens word daar in die verdigte koteksinskrywing bo 'n tilde wat as plekhouersimbool vir die lemmateken optree, 'n nommer geplaas wat die tersaaklike polisemiese waarde van *Kranz* aandui:

(3) **Kranz** (m. ...) **1 ... 2 ... 3 ... 4 ... 5 ... 6 ...**
**Sub.** ein ~ $^{1}$ ***Feigen*** / ein bunter ~ $^{2}$ tanzender ***Kinder*** ...
**V.** ... / einen ~ $^{6}$ ***werfen*** ...
**Adj.** bunter [grüner, verwelkter] ~ $^{1}$
**Präp.** einen ~ $^{1}$ ***auf*** das Grab legen ...

Wiegand se uiteensetting van 'n niegeïntegreerde mikrostruktuur sou aangepas

kon word om ook voorsiening te maak vir artikels waar die subkommentaar vir koteksinskrywings georden word op grond van die betrokke polisemiese waardes van die leksikale item wat deur die lemma verteenwoordig word, sonder inagneming van die woordsoort van die items waarmee dit kombineer. Dit sou meebring dat die semantiese kommentaar steeds in verskillende subkommentare verdeel wat elk in 'n afsonderlike integraat aangebied word, maar alle koteksinskrywings word daarna per afsonderlike subkommentaar, die semantiese subkommentaar vir kotekste, verstrek. Kenmerkend van so 'n niegeïntegreerde mikrostruktuur is steeds 'n duidelike verbandlegging tussen 'n koteksinskrywing en die betrokke semantiese subkommentaar wat die betekenisparafrase bevat wat deur die koteksinskrywing geïllustreer word. Hierdie verbandlegging kan op verskillende maniere gedoen word, maar dit is veral die gebruik van struktuurmerkers wat hier 'n belangrike rol speel. 'n Bepaalde koteksinskrywing bevat dan 'n struktuurmerker wat ooreenstem met die polisemie-aanduider van die semantiese subkommentaar wat die relevante betekenisparafrase bevat. So 'n struktuurmerker vorm ook deel van die interne kitstoegangstruktuur en bevestig 'n bepaalde artikel-interne kohesie. Die volgende konsepartikel illustreer hierdie soort aanbieding.

(4) **bak** ww. (het gebak)
**1** Gaarmaak deur hitte. **2** Gaar word; warm kry. **3** Hard laat word deur hitte. **4** Hitte afgee.
*Eiers in die pan bak (1). In die son sit en bak (2). Stene bak (3). Die son bak op die stoep (4).*

Die gebruik van 'n niegeïntegreerde mikrostruktuur kom tipieserwys voor in die bewerking van lemmas wat polisemiese leksikale items verteenwoordig. Die artikel-interne leksikografiese aanbod maak nie vir 'n regstreekse adressering tussen die koteksinskrywings en die tersaaklike betekenisparafrase of vertaalekwivalent voorsiening nie. 'n Regstreekse of onmiddellike adressering kom voor wanneer die koteksinskrywings in dieselfde integraat as die relevante betekenisparafrase of vertaalekwivalent optree sodat hierdie betekenisparafrase of vertaalekwivalent plus die koteks as geheel binne een semantiese subkommentaar kan funksioneer.

Die daarstelling van 'n niegeïntegreerde mikrostruktuur lei tot 'n versplintering in die tekssamehang van 'n semantiese subkommentaar a.g.v. die afstandsadressering tussen koteksinskrywing en betekenisparafrase of vertaalekwivalent. Alhoewel die gebrek aan onmiddellike adressering die samehang versteur, word 'n mate van kohesie steeds behou deur 'n duidelike markering van die koteksinskrywings ter aanduiding van hulle gerigtheid op 'n bepaalde betekenisparafrase of vertaalekwivalent. Wiegand (1998a: 8) onderskei tussen kohesie en koherensie in leksikografiese tekste. 'n Kohesiewe teks word gekenmerk deur tekssamehang op sintaktiese, proposisionele en referensiële vlak. Daarenteen lei koherensie tot tematiese progressie met 'n bepaalde tema wat die tekssamehang bewerk. In die geval van niegeïntegreerde mikrostrukture

blyk kohesie veral uit die referensiële progressie wat die tekssamehang bevestig.

Die onderskeid van Wiegand (1996) tussen geïntegreerde en niegeïntegreerde mikrostrukture geld nie net die indiwiduele artikel nie maar 'n gegewe woordeboek as sodanig. Die artikelstruktuur van 'n woordeboek maak voorsiening vir 'n bepaalde tipe mikrostruktuur om as verstekwaarde te dien en daardie tipe mikrostruktuur is dan verteenwoordigend van die woordeboek as geheel. Die erkenning aan heterogeniteit in die artikel- en mikrostruktuur van 'n woordeboek lei daartoe dat daar gemotiveerde afwykings van hierdie verstekstruktuur mag wees. In die woordeboek se toeligtingsteks moet sowel die verstekstruktuur as die tipes afwykings en 'n motivering vir hierdie afwykings verstrek word. Die artikel- en mikrostrukturele heterogeniteit mag nie die teikengebruiker van die betrokke woordeboek verhinder om 'n ondubbelsinnige onttrekking van inligting te bewerkstellig nie.

## 5. 'n Rudimentêre mikrostruktuur

Dit is belangrik om daarop te let dat sowel die geïntegreerde as die niegeïntegreerde mikrostruktuur struktuurtipes is wat aan bepaalde kriteria moet voldoen. 'n Verwysing na 'n niegeïntegreerde mikrostruktuur dui dus op 'n bepaalde tipe struktuur met spesifieke kenmerke en nie maar bloot op 'n woordeboekartikel waarvan die mikrostruktuur nie geïntegreerd is nie. Die nienakoming van die voorskrifte wat geld vir 'n geïntegreerde mikrostruktuur impliseer nie noodwendig die bestaan van 'n niegeïntegreerde mikrostruktuur nie. Vergelyk die volgende voorbeelde uit *Groot Woordeboek/Major Dictionary* (voortaan afgekort as GW) en *Verklarende Afrikaanse Woordeboek* (voortaan afgekort as VAW).

(5) **na'spel[1],** (s) after-play, afterpiece; postlude; sequel; aftermath. (GW)

(6) **paragon', -e. 1.** Voorbeeld van voortreflikheid. **2.** Iem. wat 'n besondere voorbeeld stel, wat die buitengewoon goeie, grote of mooie bereik het. **3.** Iets buitengewoon deugdelik of deeglik. **4.** Soort drukletter. **5.** Volmaakte diamant van 100 karaat of meer. (VAW)

Nie een van hierdie artikels bevat enige konteks- of koteksleiding nie. In artikel (5) bestaan die semantiese kommentaar uit 'n jukstaposisie van vyf vertaalekwivalente wat in vier verskillende semantiese subkommentare aangebied word. Volgens die stelsel van hierdie woordeboek word verskillende semantiese subkommentare deur 'n kommapunt van mekaar geskei terwyl 'n komma in die vertaalekwivalentparadigma 'n struktuurmerker van leksikale divergensie is wat sinonimiese vertaalekwivalente skei wat dieselfde polisemiese waarde van die lemma verteenwoordig (vgl. Gouws 1989). In voorbeeld (5) is daar sprake van 'n ekwivalentverhouding van polidivergensie (vgl. Gouws 2002:

199), maar die woordeboek laat na om aan sy gebruiker hulp te bied met konteks- en koteksinskrywings om die keuse van die regte vertaalekwivalent vir 'n bepaalde gebruiksoptrede te vergemaklik. In artikel (6) word daar vir elke semantiese subkommentaar slegs 'n betekenisparafrase in die integraat gegee. Vanuit 'n mikrostrukturele perspektief gaan dit in albei hierdie artikels om onverdeelde integrate maar integrate met 'n enkelvoudige datalading. Hier is geen sprake van óf 'n geïntegreerde óf 'n niegeïntegreerde mikrostruktuur nie, maar eerder van 'n rudimentêre mikrostruktuur, d.w.s. 'n basis vir 'n meer komplekse mikrostruktuur.

## 6. Wisselende geïntegreerde mikrostrukture

Naas die voorkoms van artikels wat 'n rudimentêre mikrostruktuur vertoon, bevat GW en VAW ook artikels wat ander mikrostrukturele tipes daarstel. Vergelyk die volgende voorbeelde:

(7) **om'geslaan, (-de, .. slane),** turned over (page); overturned (vehicle); turn-down (collar) (GW)

(8) **demp, ge-. 1.** Bedwing, onderdruk (oproer). **2.** Opvul (sloot). **3.** Swakker maak, temper (geluid). **4.** Blus (vuur). **5.** Dowwer maak, flouer raak (lig). **6.** Versag (kleure). **7.** Verminder, smoor (vuur); **~baar; ~ing; ~klep; ~laag.** (VAW)

Sowel voorbeeld (7) as voorbeeld (8) vertoon 'n tipe geïntegreerde mikrostruktuur. Die artikels van die lemmas **omgeslaan** en **demp** bestaan elk uit meerdere semantiese subkommentare omdat die lemmas polisemiese leksikale items verteenwoordig en in elk van hierdie subkommentare word die vertaalekwivalent of betekenisparafrase ondersteun deur konteksinskrywings. Hierdie konteksinskrywings wat pragmatiese verankering ten doel het, word telkens in dieselfde integraat as die betrokke vertaalekwivalent of betekenisparafrase aangebied. Dieselfde woordeboeke waarin daar artikels is wat 'n rudimentêre mikrostruktuur vertoon (voorbeelde (5) en (6)), bevat ook artikels met daardie weergawe van 'n geïntegreerde mikrostruktuur wat konteksinskrywings in die integraat insluit (voorbeelde (7) en (8)).

'n Geïntegreerde mikrostruktuur kom veral ook voor in artikels waar die vertaalekwivalent of betekenisparafrase ondersteun word deur voorbeeldmateriaal wat as koteksinskrywings optree met die koteksinskrywings onmiddellik opeenvolgend aan die vertaalekwivalent of betekenisparafrase, d.w.s. as deel van dieselfde integraat. Koteksinskrywings het die sintaktiese verankering van die leksikale item wat deur die lemma verteenwoordig word ten doel. Vergelyk in hierdie verband die volgende voorbeelde uit onderskeidelik die TAW en die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (voortaan afgekort as HAT):

(9) **dom** [1] slow *He is clever at languages but a little* ***slow*** *at maths.* Hy is slim in tale

maar 'n bietjie **dom** in wiskunde. [2] foolish, silly, stupid *It is **foolish/silly/ stupid** to go too deep into the sea if you can't swim.* Dit is **dom** om te diep in die see in te gaan as jy nie kan swem nie. … (TAW)

(10) **da'nig** b.nw. en bw. **1** (*bw.*) Baie, erg; in hoë mate: *Danig verlief wees. Dit is nie so danig ver na hulle toe nie. Danig in jou skik wees met iets*. **2** Oorvriendelik: *Danig wees met die nuwe landdros. Danig met mekaar wees*, duidelik verlief. **3** (*ietwat neerhalend*) Van groot belang; waffers: *Jy hou jou verniet so danig. Gaan leen by jou danige vriende.* (HAT)

Die TAW het 'n konsekwente aanbieding van 'n geïntegreerde mikrostruktuur terwyl HAT dit as verstekwaarde het, alhoewel baie artikels 'n rudimentêre mikrostruktuur vertoon, soos blyk uit die volgende:

(11) **dek'spaan 1** Klopper om dekstrooi plat te klop. **2** Spaan aan 'n selfbinder om die koppe van gerwe gelyk te maak. (HAT)

'n Geïntegreerde mikrostruktuur maak voorsiening vir 'n onmiddellike en regstreekse adressering tussen die vertaalekwivalent of betekenisparafrase en daardie bykomende inskrywings in die betrokke semantiese subkommentaar wat konteks- en/of koteksleiding verstrek. In voorbeelde (7) en (8) is dit in sowel GW as VAW telkens die optrede van konteksinskrywings wat as deel van die betrokke integrate aangebied word. Die insluiting van sulke inskrywings dra veel by tot sowel die teksresepsie- as die teksproduksiefunksie van 'n woordeboek (vgl. Tarp en Gouws (om te verskyn)). Die afwesigheid van sulke inskrywings stel heelwat hoër eise aan die gebruiker om uit die aangebode data 'n optimale inligtingsonttreking te kan doen.

Waar konteksinskrywings in artikels met meerdere semantiese subkommentare in GW en VAW verstrek word, word dit nie altyd in elke semantiese subkommentaar gegee nie. Vergelyk die volgende voorbeelde:

(12) **berei', (~),** prepare (meal); dress (leather, tools); preserve (foodstuffs); cure (tobacco); concoct. (GW)

(13) **beoor'deel, (~),** judge, criticise, adjudicate (merits); evaluate, assess; review (books); rate, value. (GW)

(14) **belig', (~),** lighten up; throw a light on, illuminate; expose (photo); explain. (GW)

(15) **hui'sie, -s. 1.** Klein huis. **2.** Dosie (bril). **3.** Skyfie (lemoen). **4.** Skede (mes). **5.** Skulp (slak); **~slak.** (VAW)

(16) **in'dryf, in'drywe, -ge-. 1.** Drywend na binne gaan. **2.** Saamvoer na binne. **3.** Inja, aandryf (vee). **4.** Inslaan (spyker). (VAW)

(17) **hut, -te. 1.** Eenvoudige woninkie. **2.** Kajuit (op skip). **3.** Loge. **4.** Stroois; **~bewoner; ~koffer.** (VAW)

In voorbeelde (12) en (15) word daar telkens op een na in elke semantiese subkommentaar konteksleiding gegee. In voorbeelde (13) en (16) word meer as een semantiese subkommentaar wees gelaat t.o.v. van konteksleiding en in voorbeelde (14) en (17) word daar telkens slegs vir een semantiese subkommentaar 'n konteksinskrywing voorsien. Die gebruiker se behoefte, die aard van die lemma wat bewerk word en die funksies van die woordeboek behoort te bepaal wat die omvang van konteksleiding is en dus wat die mate is waarin die semantiese subkommentaar 'n rudimentêre al dan 'n geïntegreerde struktuur vertoon. Vanuit 'n teoretiese perspektief is dit egter belangrik dat enige woordeboek 'n konsekwente en voorspelbare data-aanbod moet hê. Die gebruiker kan verwag om in die toeligtingsteks 'n duidelike uiteensetting te kry van die werkswyse wat gevolg word by die weergawe van konteksleiding, veral as die aanbod so arbitrêr en onvoorspelbaar is. Dit ontbreek ongelukkig in sowel GW as VAW.

## 7. Die mikrostrukturele plasing van koteksinskrywings

Die semantiese kommentaar in 'n woordeboekartikel bevat alle aangawes wat, in 'n breë sin, te make het met die betekenis van die lemmateken (vgl. in hierdie verband onder meer Hausmann en Wiegand 1989: 353 en Bergenholtz, Tarp en Wiegand 1999: 1768). In die semantiese subkommentare word die betekenisparafrase of vertaalekwivalent ter wille van onder meer 'n eenduidige interpretasie ondersteun deur die koteks- en die konteksinskrywings. Voorbeeldmateriaal vorm 'n wesenlike deel van die semantiese kommentaar en dit is belangrik dat dit op 'n konsekwente en duidelik identifiseerbare manier aangebied moet word. Binne die integraat van die betrokke semantiese subkommentaar moet die voorbeeldmateriaal in 'n eie soeksone verstrek word waar dit probleemloos deur die teikengebruiker herwin kan word. In die VAW word koteksmateriaal uiters onvoorspelbaar en onbevredigend hanteer. Een van die wesenlike probleme in hierdie verband is die gebrek aan 'n onderskeid tussen voorbeeldmateriaal en vaste uitdrukkings. In hierdie verband ervaar die gebruiker dieselfde tipe probleem met die VAW as met die GW. Vergelyk die volgende voorbeelde uit HAT en VAW onderskeidelik, met HAT wat by die onderskeie semantiese subkommentare koteksleiding gee en daarnaas 'n afsonderlike artikelsone het waarin die uitdrukkings bewerk word, terwyl die VAW geen sodanige onderskeid maak nie:

(18) **maag** (mae) **1** Belangrikste spysverteringsorgaan van die mens (en sommige diere), waar kos 'n tydlank gehou word: *'n Sterk, swak maag hê. Met 'n vol maag gaan slaap. Moenie jou maag oorlaai nie,* te veel eet. **2** Onderste deel van die romp; buik: *Daardie ou het 'n groot maag.* UITDR.: *Dit sit my* ***dwars*** *in die maag,* ek is daarmee verleë, opgeskeep. *Sy* ***oë*** *is groter as sy maag,* hy wil meer hê as wat hy kan opeet (behartig). *Jy kan dit op jou maag* ***skryf*** *en met jou hemp afvee …,* daar sal niks van kom nie. *Jou maag* ***vashou*** *van die lag,* onbedaarlik lag. *'n Maag soos 'n* ***volstruis*** *hê,* alles kan eet. *Van jou maag 'n* ***wolsak*** *(afgod)*

*maak,* vraatsugtig wees. **maag: ~aandoening, ~bloeding, ~druppels, ~kanker, ~kramp, ~kwaal, ~lyer, ~operasie, ~siekte, ~streek, ~wand, ~wond.** (HAT)

(19) **maag[1], mae.** Vernaamste spysverteringsorgaan; *van sy ~ 'n AFGOD maak*, vreeslik baie eet; vraatsugtig lewe; *dit sit hom DWARS in die ~*, met iets opgeskeep of verleë wees; *op sy NUGTER ~*, nog voordat hy geëet het; *met iets in sy ~ SIT*, in die verleentheid wees as gevolg van iets; *jy kan dit op jou ~ SKRYF*, daar sal niks van teregkom nie; *jou ~ VASHOU v.d. lag*, onbedaarlik lag; *'n ~ soos 'n VOLSTRUIS hê*, alles kan verteer; *sy ~ WERK*, sy maag ontlas buitengewoon; *van sy ~ 'n WOLSAK maak*, vraatsugtig wees; **~aandoening; ~operasie.** (VAW)

Uit die VAW-aanbieding is dit geensins duidelik of dit in die semantiese subkommentaar vir die koteks om voorbeeldmateriaal al dan om uitdrukkings gaan nie. VAW bied in baie artikels slegs 'n rudimentêre mikrostruktuur (vgl. voorbeeld (6)). Soms lei 'n uitbreiding van hierdie rudimentêre mikrostruktuur tot die geïntegreerde weergawe van konteksleiding (vgl. voorbeeld (8)). Waar die uitbreiding van die mikrostruktuur gerig is op die insluiting van koteksinskrywings blyk die aanbieding daarvan uiteenlopend van aard en uiters lukraak te wees. Die volgende voorbeelde getuig hiervan:

(20) **reg[3],** (bw). **1.** Presies, net, bv. *~ bo, ~ agter, ~ onder*. **2.** Reguit; in orde: *~ buig, ~ knip, ~ deur die see gaan*. **3.** Behoorlik, goed: *~ verstaan, nie ~ weet nie*. (VAW)

(21) **privaat'[2],** (b, bw), **(..vate); ..vater** of **meer private, ~ste** of **mees private. 1.** Wat op 'n persoon, 'n indiwidu self en alleen betrekking het of aan hom behoort, persoonlik: *dis Jan se private sienswyse; die minister se private woning*. **2.** Nie publiek, openbaar en gemeenskaplik nie: *dis 'n suiwer private aangeleentheid rakende die plaasbewoners*. **3.** Nie amptelik, beroepmatig nie: *hy hou ~ skool na sy ontslag; hy het die saak ~ onderneem.* **4.** Nie vir algemene gebruik nie: *ek het 'n private deurgang oor sy plaas na my lande toe*. **5.** Vertroulik, geheim: *hy het my dit ~ meegedeel*. **6.** Nie uit beroepsverdiente verkry nie: *die dokter het 'n private inkomste uit sy wildsplaas*; **~heid.** (VAW)

(22) **me'dia.** Mv. van **medium. 1.** Middele; hulpmiddels; *gemengde ~* (skilderk.), verskillende skildermiddele, bv. olieverf, pastel, waterverf, ink, ens. **2.** Alle kommunikasiemiddele saam, bv. pers, rolprent, televisie; *dit word in die ~ bekend gestel; 'n verteenwoordiger v.d. ~*; **~persoonlikheid; ~stryd; ~verteenwoordiger; ~wetenskap.** (VAW)

(23) **pot'jie, -s. 1.** Klein pot. **2.** Spel, bv. *'n ~ dambord, skaak, tennis*. **3.** Holgewrig in die bladbeen of heupbeen waarin die bolgewrig van die boarm of -been draai; *in die KLEINSTE ~s bewaar mens die beste salf*, waardevolle dinge is altyd skaars en word dus in klein dingetjies bewaar; *sy eie ~ KRAP*, vir homself sorg; *met iem. 'n ~ LOOP*, met iem. afreken; *klein ~s het groot ORE*, kinders hoor meer as mens dink; *'n ~ SPEEL*, 'n spel speel. (VAW)

(24) **aan'bied, -ge-. 1.** Vrywillig tot beskikking stel. **2.** Aanprys om te verkoop. **3.** Oplewer, gee. **4.** Vir betaling voorlê. **5.** Beskikbaar wees; *'n gulde GELEENTHEID het hom aangebied om iets te verdien; iem. 'n GESKENK, HULP, SIMPATIE ~; hy bied die boer R100 vir die perd aan; 'n TJEK ~;* **~er.** (VAW)

(25) **termyn', -e. 1.** Tydruimte van 'n bepaalde, gesette tyd. **2.** Tydsverloop waarin betalings, paaiemente, moet geskied; *in ~ BETAAL*, met paaiemente betaal; *op KORT ~*, vir 'n kort tyd; *op LANG ~*, vir 'n lang tydperk; **~belegging.** (VAW)

Hierdie voorbeelde gee blyke van 'n verskeidenheid maniere waarop VAW met koteksinskrywings werk. In voorbeelde (20) en (21) het die artikels 'n geïntegreerde mikrostruktuur met die koteksinskrywings as die enigste bykomende inskrywings naas die betekenisparafrase in die betrokke integrate. In voorbeelde (22) en (23) is daar 'n gemengde aanbod met telkens slegs een semantiese subkommentaar wat 'n geïntegreerde daarstelling het. Na die laaste betekenisparafrase volg 'n verdere soeksone waarin koteksinskrywings en/of vaste uitdrukkings gegee word. Die aanbod in voorbeelde (22) en (23) verskil ook onderling. In voorbeeld (22) tree die koteksinskrywing *gemengde media* in die eerste semantiese subkommentaar ook op as 'n sekondêre bewerkingseenheid. Dit is die adres van die etiket (*skilderk.*) en ook van 'n afsonderlike betekenisparafrase, te wete *verskillende skildermiddele, bv. olieverf, pastel, waterverf, ink, ens.* Hierdie inskrywing is gerig op die koteksinskrywing deur 'n proses van onmiddellike adressering aangesien dit in dieselfde integraat gegee word. Die koteksinskrywing *'n potjie dambord, skaak, tennis* in voorbeeld (23) kry geen eie bewerking nie. In voorbeeld (22) word die tweede semantiese subkommentaar gevolg deur die koteksinskrywings: *dit word in die media bekend gestel; 'n verteenwoordiger v.d. media*. Hier word geen betekenisparafrase gegee nie maar in voorbeeld (23) word die inskrywings in die soeksone na die verklaring van die laaste polisemiese waarde *in die KLEINSTE potjies bewaar mens die beste salf, sy eie potjie KRAP, 'n potjie LOOP, klein potjies het groot ORE* en *'n potjie SPEEL* wel verklaar. Van die inskrywings in hierdie gemengde sone is uitdrukkings, bv. *klein potjies het groot ORE,* wat wel verklaar moet word. Daar word egter geen onderskeid gemaak deur hierdie uitdrukkings te skei of te onderskei van 'n inskrywing soos *'n potjie SPEEL* wat slegs 'n kollokasie met *potjie* as kern is nie.

In voorbeelde (24) en (25) is daar geen sprake van 'n geïntegreerde mikrostruktuur nie. Weer eens word die koteksinskrywings uitgefaseer na 'n soeksone wat na die laaste integraat volg. Ook die bewerking van die koteksinskrywings in voorbeelde (24) en (25) verskil onderling. In voorbeeld (24) kry hierdie koteksinskrywings geen betekenisverklaring nie, maar in voorbeeld (25) word die inskrywings wel verklaar. Daar sou aangevoer kon word dat die inskrywing *in termyn BETAAL* 'n ondeursigtige geykte uitdrukking is en 'n verklaring regverdig. Dit geld egter nie die inskrywings *op KORT termyn* en *op LANG termyn* nie. Hier geld telkens 'n betekeniswaarde van *termyn* wat in die bewerking van die lemma verklaar is. Die betekenisparafrases *vir 'n lang tyd-*

*perk* en *vir 'n kort tyd* voeg weinig leksikografiese waarde toe aan die bewerking van die lemma *termyn.* Dit bevestig eerder die inkonsekwente werkswyse in die mikrostrukturele aanbod van hierdie woordeboek.

## 8. Afstandsadressering

Waar koteksinskrywings nie in dieselfde integraat as die tersaaklike betekenisparafrase of vertaalekwivalent aangebied word nie maar in 'n afsonderlike soeksone, lei dit noodwendig tot 'n prosedure van afstandsadressering (vgl. Louw en Gouws 1996). Afstandsadressering is 'n indirekte en nie-onmiddellike vorm van adressering en 'n produk van teksverdigting, en die toepassing van teksverdigting voorveronderstel veel meer gevorderde woordeboekgebruiksvaardighede aan die kant van die teikengebruiker. Teenoor die regstreekse en onmiddellike adressering tussen koteksinskrywing en betekenisparafrase in 'n woordeboekartikel met 'n geïntegreerde mikrostruktuur geld die afstands- en indirekte adressering in artikels met 'n niegeïntegreerde mikrostruktuur. Ondanks die teksverdigting wat hier voorkom, is daar in die voorkoms van 'n niegeïntegreerde mikrostruktuur steeds 'n goeie kans op 'n optimale herwinning van inligting uit die aangebode data omdat die aard van 'n niegeïntegreerde mikrostruktuur dit vir die gebruiker moontlik maak om elke koteksinskrywing aan 'n spesifieke betekenisparafrase of vertaalekwivalent te koppel. Die gebruik van struktuurmerkers om die koteksinskrywing aan die regte betekenisparafrase of vertaalekwivalent te koppel, lei tot 'n proses van *gerigte afstandsadressering*, dit is afstandsadressering waar die geadresseerde inskrywing per struktuurmerker gerig word op 'n spesifieke adres. Hierdie struktuurmerkers is deel van die interne kitstoegangstruktuur van die betrokke woordeboek en skep 'n eksplisiete soekroete vir die gebruiker wat vanaf die betekenisparafrase of vertaalekwivalent gelei moet word na koteksmateriaal wat die tipiese gebruik van die lemma of vertaalekwivalent illustreer.

'n Verdere inwerking van teksverdigting op 'n artikel met gerigte afstandsadressering kan die struktuurmerkers laat verdwyn en die gebruiker laat met *implisiete afstandsadressering* en die gevolglike implisiete interne soekroete. Indien dit op 'n konsekwente manier toegepas word en daar 'n een-tot-eenverhouding bestaan tussen die koteksinskrywings en die verskillende betekenisparafrases of vertaalekwivalente in die artikel se integrate kan die kundige gebruiker wel die implisiete adressering korrek interpreteer en die verlangde toegang tot die aangebode data kry. Implisiete afstandsadressering kan net optimaal werk indien daar adresseringsekewivalensie bestaan (vgl. Gouws 2000, 2002), en daar vir elke polisemiese onderskeiding van die leksikale item wat deur die lemmateken verteenwoordig en in 'n afsonderlike integraat as die betrokke semantiese subkommentaar vergestalt word een koteksinskrywing is en die volgorde van die koteksinskrywings parallel loop aan die volgorde van die betekenisparafrases of vertaalekwivalente wat die adresse van die onderskeie koteksinskrywings is.

Implisiete afstandsadressering word ondermyn deur die aanwesigheid van prosedures van onder- en ooradressering (vgl. Gouws 2000, 2002 vir 'n bespreking van oor- en onderadressering). Die volgende voorbeeld wys dat daar in die VAW nie sprake is van óf gerigte afstandsadressering óf implisiete afstandsadressering nie en dat onderadressering die leksikografiese bewerking verder benadeel:

(26) **hou[4],** (w), **ge-. 1.** Bewaar, behou. **2.** Vashou (leisels). **3.** Bevat (emmer). **4.** Slaan. **5.** Vervul; nakom. **6.** Besig wees met. **7.** Bly (in die bed). **8.** Beweer; voorgee. **9.** Boer, het sy verblyf (wild). **10.** Nakom (belofte). **11.** Vier (feesdag). **12.** Laat plaasvind. **13.** Duur. **14.** Lewer (rede). **15.** In orde hou (boeke). **16.** Goed bly, vars bly. **17.** Besig wees met (skool). **18.** Heilig (Sondag). **19.** Teëhou, bedwing. **20.** Ophou. **21.** By jou laat bly. **22.** Bewaar (boek). **23.** Sorg dat jy dit nie verloor nie. **24.** Nie geleidelik verloor nie (kleur). **25.** Uithou, verduur. **26.** Jou aangetrokke voel tot. **27.** Herberg. **28.** Laat bly. **29.** Vir jou gerief aanhou. **30.** Jou bestaan vind in. **31.** Nie nalaat nie, in stand hou; *jou AAN iets ~*, iets nakom (bv. afspraak); *die BED ~*, in die bed bly (weens siekte); *'n BEDIENDE daarop na~*, 'n bediende in diens hê; *jou GOED ~*, jou goed gedra; nie treur of mismoedig wees nie; *~ wat jy HET* (*en kry wat jy kan*), moenie wat jy besit uit jou hande laat gaan nie en probeer sover moontlik nog meer kry; *iets vir JOUSELF ~*, met niemand daaroor praat nie; *die LEWE ~*, bly lewe; *hy ~ hom SIEK*, hy maak of hy siek is; *~ dit VIR jou*, hou dit geheim; *~ tot die WERKERS v.d. land kom*, goed geëet het en nie gou honger sal word nie; *WAARVOOR ~ jy my?* is dit jou mening van my? (VAW)

In hierdie voorbeeld word die koteksinskrywings nie gemerk as gerig op spesifieke integrate in die semantiese kommentaar nie. 'n Poging om die koteksinskrywings aan bepaalde betekenisparafrases te koppel, laat blyk dat daar nóg 'n een-tot-een-afparing nóg 'n volgordeparallel bestaan. Die juistheid van die polisemieverdeling word nie hier bespreek nie. 'n Afparing tussen die inskrywings (koteksinskrywings of uitdrukkings) in die artikelfinale soeksone en die betekenisparafrases in die onderskeie semantiese subkommentare sou 'n resultaat soos dié in voorbeeld (27) kon lewer. In hierdie afparing word die betrokke inskrywings (koteksinskrywing of uitdrukking plus betekenisparafrase) gegee en daarnaas die nommer van die semantiese subkommentaar wat ten beste deur die betrokke inskrywing geïllustreer word. Hierdie afparing word bemoeilik deur 'n onvoldoende onderskeid in die woordeboekartikel tussen betekenisbeskrywing en die verklaring van die gebruik van die betrokke woord (vgl. Gouws 1989 in hierdie verband).

(27)

| | |
|---|---|
| *jou AAN iets hou*, iets nakom (bv. afspraak) | **10** |
| *die BED hou*, in die bed bly (weens siekte) | **7** |
| *'n BEDIENDE daarop nahou*, 'n bediende in diens hê | **Foutiewe voorbeeld: *nahou* is 'n afsonderlike deeltjiewerkwoord** |
| *jou GOED hou*, jou goed gedra; nie treur of mismoedig wees nie | **16** |
| *hou wat jy HET* (*en kry wat jy kan*), moenie wat jy besit uit jou hande laat gaan nie | |

en probeer sover moontlik nog meer kry **?1 UITDR.**
*iets vir JOUSELF hou*, met niemand daaroor praat nie **?21**
*die LEWE hou*, bly lewe **?25, 31 UITDR.**
*hy hou hom SIEK*, hy maak of hy siek is **8**
*hou dit VIR jou*, hou dit geheim **21**
*hou tot die WERKERS v.d. land kom*, goed geëet het en nie gou honger sal word nie **UITDR.**
*WAARVOOR hou jy my?* is dit jou mening van my? **? UITDR.**

Die mate waarin onderadressering plaasvind, blyk daaruit dat uit die 31 betekenisonderskeidinge wat aangebied word, daar vir minder as tien koteksinskrywings voorsien word. Die arbitrêrheid van hierdie aanbod blyk verder daaruit dat die koteksinskrywings geensins die volgorde handhaaf van die integrate waarin die relevante betekenisparafrases aangebied word nie. Die volgorde van koteksinskrywings in hierdie soort soeksone in die VAW word bepaal deur die alfabetiese waarde van een van die woorde wat saam met die woord optree wat met die lemmateken van die artikel ooreenstem. In die bogenoemde soeksone word hierdie woorde wat die ordening bepaal in hoofletters gegee.

In die artikels van die VAW gaan dit nóg om gerigte nóg om implisiete afstandsadressering. Dit gaan veel eerder om 'n lukraak en arbitrêre vorm van afstandsadressering. Na die tipe mikrostruktuur onderliggend aan hierdie afstandsadressering wat in VAW en ook in GW voorkom, verwys Gouws en Wiegand (om te verskyn) as 'n *primitiewe mikrostruktuur.* Die nadele wat die gebruiker ervaar in 'n woordeboek met 'n primitiewe mikrostruktuur word vererger wanneer die dataverspreidingstruktuur van die woordeboek nie daarvoor voorsiening maak dat elke datatipe in 'n afsonderlike soeksone aangebied word nie. Hierdie probleem is akuut in die VAW met die uitdrukkings en koteksinskrywings wat op 'n ongedefinieerde manier saam in dieselfde soeksone verskyn en nie eers van mekaar onderskei word nie maar bloot op grond van die alfabetiese waarde van nog 'n woord in die kombinasie georden word. In so 'n geval gaan dit om 'n *gemengde primitiewe mikrostruktuur*. Voorbeeld (28) illustreer so 'n mikrostruktuur.

(28) **bit'ter²**, (b), **-der, -ste. 1.** Wat 'n skerp, onaangename smaak veroorsaak. **2.** Skerp, griewend, bytend. **3.** In hoë mate; ~ *MIN*, uiters min; ~ *in die MOND maak die maag gesond*, medisyne wat sleg smaak is baie goed; **~agtig; ~amandel; ~heid.** (VAW)

In hierdie voorbeeld is *bitter min* 'n kollokasie waarin *bitter* se tweede polisemiese waarde geld. Daarteenoor is *bitter in die mond maak die maag gesond* 'n uitdrukking. Hierdie statusverskil tussen die twee inskrywings blyk nie uit die aanbod nie, laat die gebruiker in die duister en laat hierdie artikel kwalifiseer as een met 'n gemengde primitiewe mikrostruktuur. Die nie-aanduiding van 'n onderskeid tussen uitdrukkings en voorbeeldmateriaal, dit is kollokasies en

ander koteksinskrywings, bemoeilik ook die pogings van die teikengebruiker om 'n gerigte soektog na 'n datatipe soos uitdrukkings uit te voer. Naas artikels met 'n gemengde aanbod van uitdrukkings en koteksmateriaal is daar sommige artikels waarin die ooreenstemmende soeksone slegs koteksinskrywings bevat en ander artikels waar dit slegs uitdrukkings bevat. Vergelyk in hierdie verband voorbeelde (29) en (30) onderskeidelik.

(29) **psigede'lies, -e. 1.** Wat die uitwerking het om die sintuie sterker, skerper te laat voorkom as in die werklikheid, waardeur vreemde, opgewerkte sensasies van krag, geluk, hopeloosheid e.d.m. ontstaan. **2.** Wat 'n uitwerking op die verstand het a.g.v. sterk, kragtige patrone van klank, kleur, bewegende ligte, lyne, ens. — van 'n vorm van beeldende kuns gesê; ~ *DWELMMIDDELS;* ~ *KLEURE;* ~ *MUSIEK*, wat deur senu- en breinprikkelende inwerking hallusinêre geestesverskynsels teweeg bring. (VAW)

(30) **profeet', ..fete. 1.** Iem. wat die heilige roeping van God ontvang om te vermaan en tot inkeer te probeer bring. **2.** Iem. wat voorspel wat gaan gebeur, waarsêer, voorspeller; *'n ~ is nie in sy eie LAND geëerd nie*, 'n man van verdienste word in sy eie land nie so geëer as in die buiteland nie; *die OU profete is dood en die kleintjies* (*jonges*) *eet brood*, 'n mens kan nie op enigeen se voorspelling staatmaak nie; *is SAUL ook onder die profete?* gesê om verbasing uit te druk wanneer 'n persoon hom in geselskap bevind waar ons hom nie verwag nie; **..feties.**

## 9. Ten slotte

Vanuit die teoretiese leksikografie word daar gemotiveerde voorstelle gemaak oor 'n verskeidenheid aspekte van die struktuur van woordeboeke. Hierdie voorstelle is nie uit die lug gegryp nie maar word gedoen op grond van die eise van 'n gebruikersgedrewe leksikografiese proses. Die suksesvolle onttrekking van inligting uit 'n woordeboek is daarvan afhanklik dat die data op 'n gesistematiseerde en konsekwente manier aangebied moet word. Dit vereis 'n sekere mate van standaardisering in, onder meer, die mikrostrukturele aanbod. Die eerste uitgawes van heelwat woordeboeke, ook Afrikaanse woordeboeke soos die VAW, het in 'n preteoretiese milieu verskyn en die destydse leksikograwe kon nie raad inwin by metaleksikograwe nie. Hierdie situasie het ingrypend verander. Woordeboekgebruikers kan met reg van leksikograwe verwag dat hulle vertroud moet wees met die belangrikste modelle wat vanuit die teoretiese leksikografie voorgehou word. Waar hulle besluit om van voorgestelde modelle af te wyk, moet so 'n afwyking veral vanuit 'n gebruikersperspektief motiveerbaar wees en dit moet in die toeligtingsteks van die woordeboek uiteengesit word.

Vir Afrikaanse woordeboeke is dit belangrik dat leksikograwe meer aandag moet gee aan die moontlikhede wat geïntegreerde en niegeïntegreerde mikrostrukture bied. Daar is ook genoeg ruimte vir die ontwikkeling en uit-

breiding van bestaande mikrostruktuurmodelle sodat die spesifieke behoeftes en naslaanvaardighede van die teikengebruikers van 'n bepaalde woordeboek erkenning kry. 'n Lukraak benadering tot die mikrostruktuur met 'n arbitrêre aanbod van data is nie aanvaarbaar nie en benadeel die gehalte van die woordeboek asook sy status as gesaghebbende en toeganklike naslaanbron.

Die gebruik van 'n geïntegreerde mikrostruktuur hou groot voordele in, veral met die oog op die regstreekse adressering wat daarmee gepaard gaan. Niegeïntegreerde mikrostrukture kan op 'n vernuwende manier in die Afrikaanse leksikografie aangewend word. 'n Sinvolle benutting van 'n aangepaste weergawe van die niegeïntegreerde mikrostruktuur kan daartoe lei dat Afrikaanse woordeboeke in die semantiese subkommentaar vir kotekste 'n duidelike aansluiting kan bewerkstellig by die verskillende semantiese subkommentare waarin betekenisparafrases aangebied word. So 'n werkswyse dien ook ter versterking van die artikel-interne kohesie. Daarnaas kan daar, in aansluiting by die model van niegeïntegreerde mikrostrukture wat in Wiegand (1996) voorgehou word, voorsiening gemaak word vir gerigte koteksinskrywings waar die verskillende koteksoeksones telkens bepaal word volgens die woordsoort van die item waarmee die leksikale item wat deur die lemmateken verteenwoordig word, verbind. Dit sal tot 'n verhoging van die gehalte van Afrikaanse woordeboeke lei.

## Bibliografie

### Woordeboeke

**Du Plessis, M.** 1993. *Tweetalige Aanleerderswoordeboek/Bilingual Learner's Dictionary*. Kaapstad: Tafelberg.

**Eksteen, L.C. (Red.).** 1997[14]. *Groot Woordeboek/Major Dictionary*. Kaapstad: Pharos.

**Labuschagne, F.J. en L.C. Eksteen (Reds.).** 1993[8]. *Verklarende Afrikaanse Woordeboek.* Pretoria: J.L. van Schaik.

**Odendal, F.F. en R.H. Gouws.** 2000[4]. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Midrand: Perskor.

**Wahrig, G.** 1994. *Deutsches Wörterbuch*. Gütersloh: Bertelsmann.

### Ander bronne

**Bergenholtz, H., S. Tarp en H.E. Wiegand.** 1999. Datendistributionsstrukturen, Makro- und Mikrostrukturen in neueren Fachwörterbüchern. Hoffmann, L. et al. (Reds.). 1999. *Fachsprachen. Ein internationales Handbuch zur Fachsprachenforschung und Terminologiewissenschaft/Languages for Special Purposes. An International Handbook of Special-Language and Terminology Research*: 1762–1832. Berlyn: De Gruyter.

**Gouws, R.H**. 1989. *Leksikografie*. Kaapstad: Academica.

**Gouws, R.H.** 1999. *A Theoretically Motivated Model for the Lexicographic Processes of the National Lexi-*

*cography Units*. Ongepubliseerde verslag voorberei vir die Pan Suid-Afrikaanse Taalraad.

**Gouws, R.H.** 2000. Strategies in Equivalent Discrimination. Mogensen, J.E. et al. (Reds.). 2000. *Symposium on Lexicography IX. Proceedings of the Ninth International Symposium on Lexicography April 23–25, 1998 at the University of Copenhagen*: 99-111. Lexicographica. Series Maior 103. Tübingen: Max Niemeyer.

**Gouws, R.H.** 2001. Lexicographic Training: Approaches and Topics. Emejulu, J.D. (Red.). 2001. *Éléments de lexicographie gabonaise. Tome I*: 58-94. New York: Jimacs-Hillman.

**Gouws, R.H.** 2002. Equivalent Relations, Context and Cotext in Bilingual Dictionaries. *Hermes* 28: 195-209.

**Gouws, R.H.** 2003. Using a Frame Structure to Accommodate Cultural Data. Emejelu, J.D. (Red.). *Éléments de lexicographie gabonaise. Tome II*: 54-69. New York: Jimacs-Hillman.

**Gouws, R.H.** 2003a. Issues Regarding the Comment on Semantics in Bilingual Dictionaries Dealing with Closely Related Languages. Petkov, P. (Red.). 2003. *Sammelband: Internationales Kolloquium zur Wörterbuchforschung*. Reihe Germanistische Linguistik.

**Gouws, R.H. en H.E. Wiegand.** Om te verskyn. Strukturtraditionen in der zweisprachigen Lexikographie mit Afrikaans. Ein Beitrag zur Geschichte der Lexikographie in Südafrika. Wiegand, H.E. (Red.). *Studien zur zweisprachigen Lexikographie mit Deutsch IX*.

**Hausmann, F.J. en H. E. Wiegand.** 1989. Component Parts and Structures of General Monolingual Dictionaries: A Survey. Hausmann, F.J., et al. (Reds.). 1989–1991: 328-360.

**Hausmann, F.J., et al. (Reds.).** 1989–1991. *Wörterbücher. Ein internationales Handbuch zur Lexikographie/Dictionaries. An International Encyclopedia of Lexicography/Dictionnaires. Encyclopédie internationale de lexicographie*. Berlyn: De Gruyter.

**Louw, P.A. en R.H. Gouws.** 1996. Lemmatiese en nielemmatiese adressering in Afrikaanse vertalende woordeboeke. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde* 14(3): 92-100.

**Tarp, S. en R.H. Gouws.** Om te verskyn. Wie leer wat uit Afrikaanse (aan)leerderwoordeboeke? *Tydskrif vir Geesteswetenskappe.*

**Wiegand, H.E.** 1989. Der Begriff der Mikrostruktur: Geschichte, Probleme, Perspektiven. Hausmann, F.J. et al. (Reds.). 1989-1991: 409-462.

**Wiegand, H.E.** 1996. Das Konzept der semiintegrierten Mikrostrukturen. Ein Beitrag zur Theorie zweisprachiger Printwörterbücher. Wiegand, H.E. (Red.). 1996. *Wörterbücher in der Diskussion II. Vorträge aus dem Heidelberger Lexikographischen Kolloquium*: 1-82. Lexicographica. Series Maior 76. Tübingen: Max Niemeyer.

**Wiegand, H.E.** 1998. *Wörterbuchforschung. Untersuchungen zur Wörterbuchbenutzung, zur Theorie, Geschichte, Kritik und Automatisierung der Lexikographie*. Berlyn: De Gruyter.

**Wiegand, H.E.** 1998a. Lexikographische Textverdichtung. Entwurf zu einer vollständigen Konzeption. Zettersten, A. et al. (Reds.). 1998. *Symposium on Lexicography VIII. Proceedings of the Eighth Symposium on Lexicography May 2–4, 1996 at the University of Copenhagen*: 1-35. Lexicographica. Series Maior 90. Tübingen: Max Niemeyer.